

Lees van die gelofte (staande)

Hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte, want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die Heer.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die Heer!

Gebed

Amen.

Psalm 38:1, 17 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.
- 17 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Skriflesing: Deuteronomium 6

Teks: Deuteronomium 6:6, 7 en 20, 21

En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.

As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuienisse en die insettinge en die verordeninge wat die HERE onse God julle beveel het? dan moet jy aan jou seun sê: Ons was slawe van Farao in Egipte; maar die HERE het ons deur 'n sterke hand uit Egipte uitgelei.

(Deuteronomium 6:6, 7 en 20, 21 AFR53)

Die tyd is besig om uit te loop. Die koms van die Here is op hande. Ons hele wêreld is polities en andersins in chaos en ellendes. Wat moet ons maak en hoe moet ons vorentoe gaan?

- Laat ons gereed wees om onder die leiding van die Heilige Gees te glo en vir die Here te getuig teen alle weerstand in – selfs teen die haat van die wêreld in.
- Kom ons gee onself met geduld en met blydschap in 'n volkome lewe aan die Here oor.
- En ons leer ons kinders ook hierdie geloof en hierdie lewensooruiging.

Daar is veral twee baie belangrike sake in hierdie gedeelte waaraan ons vanoggend aandag gee:

1. **Die Here bind die volwasse gelowige tot absolute gehoorsaamheid**
2. **Die Here verleng hierdie bevel deur die ouers na ons kinders toe**

1. Die Here bind die volwasse gelowige tot absolute gehoorsaamheid

Hierdie hoofstuk begin om alles wat die Here beveel het in een eenheid saam te vat en om dan die verhouding tussen die gelowiges en hierdie totale wet vas te stel.

- Die bedoeling van die wet van die Here is om die hele volk te leer.
- Uit hierdie leerproses moet twee dinge voortvloei.
 - Die eerste is dat hulle die wet hulle lewe lank moet kan uitlewe.
 - Die tweede is dat hulle die Here moet vrees.

Wat baie belangrik is van hierdie leerdery en ook van die nalewing van die wet, is dat die ouers moet toesien dat hulle kinders en kleinkinders hulle volksgewoontes en die wet van die Here moet leer en navolg.

- *Van die begin af maak die Here dit dus baie duidelik dat alle geslagte deur die verbond aan Hom verbind is en dat alle ouers van geslag tot geslag aan hierdie verbond verbind bly.*
- Hierdie selfde beginsel dat ouers ook vir die opvoeding van hulle nageslagte verantwoordelik bly, kry ons ook nog in Eksodus 20:5 en 34:7.
- In al twee die gedeeltes word die straf van die Here ook verseker oor drie of vier geslagte as ouers teen die Here oortree met allerhande sondes.

Kyk na die geweldige skerp opdrag wat daar in Deuteronomium 6:3 vir elke gelowige neergeskryf staan:

Hoor dan, Israel, en onderhou dit sorgvuldig ... (Deuteronomium 6:3a AFR53)

Die woorde **onderhou dit sorgvuldig** maak mens bietjie onseker. Is dit nie iets wat ons maklik vergeet, of dalk glad nie genoeg aandag aan gee nie? Die Jode het baie goed verstaan hoe ernstig die Here oor die saak is, want hulle het toe 'n praktiese plan probeer maak om die wet te onthou en na te kom.

Hulle het dit so gedoen: Hulle het Deuteronomium 6:4-9 en hoofstuk 11:13-21 en Numeri 15:37-41 tot een stuk aanmekaar gelas.

- Elke volwasse Joodse man moes elke môre en elke aand hierdie stuk uit sy kop opsê.
- Hulle het dit beskou as 'n belydenis wat vir hulle geweldig belangrik was.

Die inhoud van hierdie belydenis is dat die Here die God van Israel is.

- Daar mag by hulle geen twyfel hoegenaamd wees dat die Here – en Hy alleen – geëer en gedien moet word nie.
- Daar bestaan geen ander God as Hy nie.

Die persoonlike nabyheid van die Here kom ook na vore in die feit dat Hy in vers 4 **ons God** genoem word en in vers 5 **julle God**. Dit gaan saam met die eis aan elke mens:

Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. (Matteus 22:37 AFR53)

Die betekenis van hierdie gedeelte is dat daar geen manier is waarop die Here dit verdra dat jy jou liefde vir Hom met iets of iemand anders deel nie.

- Hy alleen is Israel se God – die Kerk se God.
- Die gelowige se liefde vir die Here moet uitkom in die feit dat die bevele wat die Here gee, in elke mens se hart moet wees.
- Dit beteken dat daar in elke mens 'n ywer moet wees wat beslag gee aan hierdie bevele van die Here.

Dit moet op elke vlak van elke mens se lewe tot openbaring kom dat hy alles presies doen wat die Here van hom verwag. Dit is baie belangrik om daarop te let dat geloof hier nie 'n intellektuele kwessie is nie, maar 'n saak van totale lewensorgawe.

Nadat die Here dit baie duidelik gemaak het dat Hy van elke volwasse gelowige totale lewensorgawe verwag, gaan die Here verder en gee opdrag dat elke gelowige moet sorg dat presies hierdie lewens- en geloofsingesteldheid by sy kind(ers) ook moet voorkom:

en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. (Deuteronomium 6:7 AFR53)

Die Here lê hier 'n geweldige plig op elke ouer, want hy moet sorg dat sy kinders op letterlik elke gebied in die vrees van die Here opgevoed word. Luister weer na die opvoedingsterrein wat die Here beskryf:

... as jy in jou huis is en as jy op pad is en as jy gaan slaap en as jy opstaan.

Jy moet hulle dus letterlik oral en altyd gehoorsaamheid aan die Here leer. Die vraag is: Doen ons dit?

Ons lees op meer as een plek van hierdie geloofsopvoeding wat ouers aan hulle kinders moet gee. Nog so 'n plek waar dit in die Bybel geskryf staan, is in Eksodus 12:24.

- *In daardie gedeelte gaan dit oor die betekenis van die sakramente. Die ouers moet hulle kinders presies die genade en die oordeel van die Here rondom die paasfees leer, en*
- *veral dat die volk in aanbidding voor die Here neergebuig het toe Hy nie hulle oudste kinders ook doodgemaak het soos die Egiptenaars s'n nie.*

In Deuteronomium 6:8 en 9 staan geskryf dat hulle dit as herinneringsteken aan hulle hande moes vasbind en dat dit 'n merk op hulle voorkoppe moes wees.

- Hulle moes dit ook op hulle deursnyers en op hulle stadspoorte skryf.
- Dit staan ook in Deuteronomium 11:19, 21 geskryf.

Die volk het dit letterlik verstaan.

- Hulle het stukkie perkament met 'n bepaalde teks op aan hulle hande vasgebind.
- Hulle het ook bande om hulle koppe vasgebind met 'n bepaalde teks reg voor in die middel neergeskryf. Dit het hulle 'n gebedsriem genoem.
- Verder het hulle 'n houder (soos 'n koker) teen die deursnyers en die stadspoorte vasgeslaan en sommer 'n hele perkamentrol met die inhoud van 'n Bybelboek daarin gesit.

Dit was om hulle altyd daaraan te herinner dat hulle niks in die lewe kan doen sonder dat die Here by hulle is nie, en dan ook dat hierdie gebedsrieme en perkamentrolle hulle altyddeur daaraan moes herinner dat hulle aan die Here gehoorsaam moes bly.

- Dit wys hoe ernstig die eerste mense hierdie opdrag van die Here verstaan het.
- Vir ons is dit belangrik om te weet dat hulle dit so vertaan het, want hulle was nader aan die Here toe hierdie opdragte gegee is as wat ons vandag is.

Nog meer belangrik omdat dit in ons tyd so geword het dat daar baie mense is wat die Here glad nie meer dien nie.

- Daarom weet hulle kinders ook niks meer van die Here nie, behalwe die feit dat hulle die Here se naam by ander hoor en so 'n bietjie Bybel in die katekisasie leer.
- Selfs in die kerke is daar lidmate wie se geloofslewe – en dan bepaald die geloofsopvoeding van hulle kinders – baie swak nagekom word.

In baie gevalle gebeur dit omdat mense (families) langs die pad hulle diep verbinding met die Here verloor het.

- Hulle kan nie verstaan dat mens se hele lewe by die Here moet begin en eindig nie.
- Baie mense ervaar godsdiens as iets bykomstig, in plaas van iets noodsaaklik.
- Godsdiens moet die beginpunt van jou totale lewe wees: in jou huis, as jy reis, as jy gaan slaap en as jy opstaan – so sê die Here.

2. Die Here verleng hierdie bevel deur die ouers na ons kinders toe

Is dit nie so dat ons as ouers dikwels die geloofsopvoeding van ons kinders onderskat nie, of dink dat dit nie so belangrik is nie? Kyk wat sê die Here vir Abraham in Genesis 18:19:

Want Ek het hom verkies dat hy aan sy kinders en sy huis na hom bevel sou gee dat hulle die weg van die Here moet hou om geregtigheid en reg te doen; sodat die Here oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

(Genesis 18:19 AFR53)

Die volgende dinge staan uit: Abraham is deur die Here verkies om verbondsonderrig te gee. Besef u dat dit die Here se werkswyse is?

- Hy het u ook verkies as ouers oor die bepaalde kinders wat Hy vir u gegee het.
- Die uitverkiesing is dus nie net 'n kwessie van of jy hemel of hel toe gaan nie.
- Dit gaan ook daaroor dat jy as uitverkorene bepaalde opdragte kry wat deel is van jou uitverkiesing – en jy moet hierdie roeping baie goed en skerp kan raaksien en getrou nakom.

Wat verder tref in die woorde aan Abraham is dat sy verkiesing daarop betrekking het dat hy sy kinders op die pad van die Here moet hou.

- In ons tyd is daar so baie ouers wat die pad van die Here nie meer ken nie; watter kans het hulle om hulle kinders te beveel (soos wat die Here aan Abraham beveel het) om die Here te dien.
- Daar is ten minste twee voorbeelde in die Bybel waar die Here die swak opvoeding van kinders swaar gestraf het.
- Al twee kere het dit die geloofsopvoeding van die kinders ook geraak.

Ons lees van een keer in 2 Konings 2:24.

- 'n Klomp kinders (uit die verbondsvolk!) het agter Elisa aangeloop en hom gespot met Elia se hemelvaart: *Gaan op kaalkop, gaan op!*
- Elisa het omgekyk na die kinders toe en hulle in die Naam van die Here vervloek.
- Toe het twee bere uit die bos gekom en twee en veertig van die kinders verskeur.

Almal het besef dat dit die straf van die Here oor die kinders en hulle gespot met die Here is.

Van die tweede geleentheid waar kinders se swak geloofskennis aanleiding gegee het tot groot moeilikheid, lees ons in Nehemia 13:24, 25.

- Nehemia het met die kinders in die straat gepraat.
- Hy het toe agtergekom dat die helfte van hulle net Asdodies of 'n ander uitlandse taal kan praat.

Nehemia het dadelik die konsekwensies hiervan besef. As hierdie kinders nie Joods kan praat nie, dan ken hulle ook nie die Bybel nie. Daarom het hy hulle ouers aangeval.

In die Bybel staan daar:

En van hulle kinders het die helfte Asdodies gepraat, of die taal van watter volk ookal; maar hulle kon geen Joods praat nie. Daarom het ek met hulle getwis en hulle gevloek, en sommige van hulle geslaan en die hare uitgepluk en hulle by God besweer: ... (Nehemia 13:24, 25a AFR53)

- Die Here is baie baie ernstig oor die ouers en kinders wat die geloofspoor verlaat en dan in ongeloof of selfs net in swak aanbidding verval.
- In die gevalle wat ons voorgelees het, het die Here nie gehuiwer om lyfstraf of doodstraf oor sulke mense te beskik nie.
- Waar staan die ouers van ons gemeenskap?

Dis Geloftedag. Dis waarom ons hier bymekaar is.

- Ons voorouers het met die lewende God 'n ooreenkoms gesluit. Hulle het Hom vertrou en Hy het die ooreenkoms nagekom.
- Ons wat hier saam is – en wat nog die Geloofte verstaan en die God van die Geloofte ken – sal werklik met ons totale lewe aan ons nasate 'n getuienis moet gee en oordra, sodat hulle dan die hiernamaals met die ware gelowiges in die koninkryk van God kan deel.

Die boek Openbaring 11 leer ons dat daar al hoe minder mense sal wees wat die Here ken en dien – so erg dat almal uiteindelik met die antichris sal saamspan om die hele kerk van die Here uit te roei. Dit sal selfs lyk asof hulle dit regkry:

En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak; en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is. En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie. Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het. (Openbaring 11:7-10 AFR53)

Die ding is net dat dit ook ons nasate is van wie die Here hier praat! Ons opvoeding moet ons nasate hiervan probeer distansieer!

Die Here Jesus self het eenkeer oor die gelowige kinders 'n uitspraak gemaak.

- Hy het gesê dat enige iemand wat 'n kind tot struikeling bring met die dood gestraf moet word.
- Die Here se presiese woorde was:
... maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang en hy wegsink in die diepte van die see. (Matteus 18:6 AFR53)

Dit is baie skerp woorde hierdie. Hoeveel van ons ouers bring hulle kinders tot struikeling deur hulle groot te maak sonder 'n verlede of 'n toekoms?

- As iemand nie weet waar hy/sy vandaan kom en waar hy/sy heengaan nie, verloor hulle alles wat hulle is en het, omdat hulle nie weet wat hulle s'n is en waarvoor hulle lewe nie.
- Ek vra hierdie vraag baie ernstig, want ek het al Sondagoggende tydens die diens deur die venster gesien dat kinders deur hulle ouers afgelaai word vir katkisasie – terwyl nie hulle of hulle ouers in die erediens was nie. Het sulke ouers 'n saak met die Here? Meer nog, het daardie kinders 'n toekoms op die aarde of in die hemel – want hy het niks daarvan by sy ouers gesien nie!

Ons moet dalk ook kyk na ons bereidheid om op te offer. Wat leer ons kinders van ons verhouding met die Here – die dinge wat ons op hulle oordra sonder dat ons 'n woord daarvan sê?

- Wanneer die kinders aan atletiek deelneem of aan rugby, sal ons al ons afsprake kanselleer en herreël om 'n hele dag in die warm son te gaan sit en toeskouer speel.
- Ons sal tot laat in die aand opbly as ons kinders se koor iewers optree.
- Dit is alles reg. Ons moet dit doen. Maar dan moet ons bereid wees om dit en nog meer op te offer vir my kind se geloofskoling, want hy/sy gaan vir 'n baie langer tyd by die Here bly as wat hulle op die aarde sal wees.
- Kan almal rondom ons elke dag sien dat ons vir die God lewe met wie ons hierdie Geloftedagverbond gesluit het?

As u nou dink waar ons met hierdie preek begin het, sal u besef hoe ernstig hierdie hele saak is.

- Die God met wie ons voorsate hierdie aanbiddingsgelofte gesluit het, vra van ons as gelowiges absolute gehoorsaamheid.
- Hy vra ons hele lewe. Hy vra nie net Sondae nie, Hy vra ons lewe as ons in ons huis sit en as ons op pad is en as ons gaan lê en as ons opstaan.
- Daarmee saam sê Hy dat ons dieselfde lewens- en geloofskwaliteit op ons kinders moet oordra.

Die tyd is besig om uit te loop. Die koms van die Here is op hande.

- Laat ons gereed wees om onder die leiding van die Heilige Gees te glo en vir die Here te getuig teen alle weerstand in – selfs teen die haat van die wêreld in.
- Kom ons gee onself met geduld en met blydschap in 'n volkome lewe aan die Here oor.
- En ons leer ons kinders ook hierdie geloof en hierdie lewensooruiging.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 145: 1, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle kringe oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees gaan met u almal

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 16 Desember Geloftedag 2013